MN 32

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

HUMANITAS
RGN • HSRC

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

# NAVORSINGSBEVINDING

*

# RESEARCH FINDING

## BEROEPSVERANDERING VAN MANLIKE GEGRADUEERDE ONDERWYSERS GEDURENDE 1973 TOT 1975

001.3072068 HSRC
MN 32

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 32 | 37553/5 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

37553

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# BEROEPSVERANDERING VAN MANLIKE GEGRADUEERDE ONDERWYSERS GEDURENDE 1973 TOT 1975

C.P. Wolmarans, M.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR : W. VERHOEF

PRETORIA

1976

0000457325

2844363866

Navorsingsbevinding M-N-32

Kopiereg voorbehou

Prys R1,40

ISBN 0 86965 319 9

001.3072068 HSRC MN 32

*045732*

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | AGTERGROND EN DOELSTELLING | 1 |
| 2 | ONDERSOEKGROEP EN VRAELYSTE | 1 |
| 3 | VERTEENWOORDIGENDHEID | 2 |
| 4 | BEVINDINGS | 5 |
| 4.1 | Beroep (1975) en ouderdom (1975) | 5 |
| 4.2 | Taalverdeling | 8 |
| 4.3 | Werkgewerkategorie (1975) | 8 |
| 4.4 | Salaris (1973 en 1975) | 9 |
| 4.5 | Peil van hoogste kwalifikasie behaal (1975) | 12 |
| 4.6 | Benutting van universiteitsopleiding (1973) | 13 |
| 4.7 | Werktevredenheid (1973) | 14 |
| 4.8 | Vakke gedoseer (1973) | 15 |
| 5 | SAMEVATTING | 17 |
| 6 | SLOTOPMERKINGS | 19 |
| | BYLAE | 20 |
| | BRONNELYS | 24 |



RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

9-6-1976

STANDKODE 001.3072068 MH 88

REGISTERNOMMER 37553

BESTELNOMMER G

## 1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die bedanking van onderwysers is 'n aktuele probleem wat oor 'n wye spek= trum kommer wek. Enige inligting oor die aard en omvang van die probleem is van belang vir die owerheidsinstansies wat met hierdie aspek gemoeid is.

Die RGN het in 1973 en weer in 1975 'n opname oor die arbeidsituasie en loonstruktuur van hoog gekwalifiseerde mannekrag onderneem. Uit inligting wat met hierdie opnames ingewin is, is dit moontlik om te bepaal watter per= sone in 1973 gegradueerde onderwysers was en in die daaropvolgende twee jaar die onderwys verlaat het.

Die doel met hierdie verslag is om 'n vergelyking te tref tussen diegene wat in 1975 steeds onderwysers was en dié wat tussen 1973 en 1975 die onderwys verlaat het. Verskillende aspekte van die beroepsbeoefening van hierdie twee groepe persone word vergelyk, onder andere kwalifikasies, salaris, werktevre= denheid, benutting van universiteitsopleiding en vakke wat in 1973 gedoseer is. Daar word ook aangedui watter beroepe die onderwysverlaters in 1975 be= oefen het, in watter werkgewersektore hulle diens aanvaar het en wat die ouder= domsverskille tussen die betrokke groepe is.

## 2 ONDERSOEKGROEP EN VRAELYSTE

Die RGN hou 'n Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes in stand waarin onder andere die name, adresse, geslag, ouderdom en kwalifika= sies van gegradueerdes en gelykwaardig gekwalifiseerdes aangeteken word. Alle Blanke persone wie se name in die Nasionale Register opgeneem is, en in die RSA of SWA woonagtig is, is betrek in die 1973-ondersoek waarna verwys is. Aaan elk van hierdie persone is 'n vraelys (kyk Bylae) gestuur. Van die 80 473 vraelyste wat uitgestuur is, is 45 826 (56,9%) terug ontvang. Laasgenoemde groep word die 1973-respondentegroep genoem.

In die 1975-opname is alle Blanke manlike persone betrek wie se name in die Nasionale Register opgeneem is. Die vraelys wat in 1975 uitgestuur is, was in hoë mate dieselfde as dié vir die 1973-opname, behalwe dat vrae 7-12 weggelaat is. Van die 57 754 vraelyste wat uitgestuur is, is 30 400 (52,6%) terug ontvang. Laasgenoemde groep word die 1975-respondentegroep genoem.

Die ondersoekgroep vir hierdie verslag is uit die 1973- en die 1975-respondentegroepe geselekteer en bestaan uit alle gegradueerde manlike persone wat ten tyde van die 1973-opname onderwysers was en wat ook aan die 1975-opname deelgeneem het, ongeag wat hulle beroepe in 1975 was. Persone wat in 1973 onderwysers was maar wat in 1975 voltydse studente was of reeds uit diens getree het, is egter nie by die ondersoekgroep ingesluit nie. Vroue is ook nie by die ondersoekgroep ingesluit nie.

Die ondersoekgroep bestaan uit 2137 gegradueerdes wat in 1973 onderwysers was, van wie 1861 (87,1%) in 1975 steeds in die onderwys was en 276 (12,9%) die onderwys verlaat het.

## 3 VERTEENWOORDIGENDHEID

Soos reeds genoem, is die name van die persone wat aan die 1973- en die 1975-opnames deelgeneem het, van die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes verkry. Daar is bewys dat die Nasionale Register soos dit in 1970 bestaan het, 'n verteenwoordigende steekproef van die gegradueerde bevolking van die land is (1, bl. 13). Daar is ook bewys dat die 1973- en 1975-respondentegroepe verteenwoordigende steekproewe van onderskeidelik die 80 473 en 57 754 gegradueerdes is aan wie vraelyste in 1973 en 1975 gestuur is (2, bl. 2; 3, bl. 1) en dus ook verteenwoordigend van die Nasionale Register en die gegradueerde bevolking van die land is.

Vir die doel van hierdie ondersoek is dit nodig om te bepaal of die ondersoekgroep 'n verteenwoordigende steekproef van die manlike gegradueerde onderwysers in 1973 in die land is. In tabelle 3.1, 3.2 en 3.3 word onderskeidelik die ouderdomsverspreiding, taalverdeling en vakke gedoseer van die ondersoekgroep (groep B) en van die onderwysers in die 1973-respondentegroep wat nie aan die 1975-opname deelgeneem het nie (groep A) vergelyk. Groep A, dit wil sê die onderwysers in die 1973-respondentegroep wat nie weer aan die 1975-opname deelgeneem het nie, toon in hoë mate dieselfde verspreiding wat betref ouderdom, taalverdeling en vakke gedoseer as die ondersoekgroep (groep B).

TABEL 3.1

OUDERDOMSVERSPREIDING VAN PERSONE WAT IN 1973 ONDERWYSERS WAS, MAAR WAT NIE AAN DIE 1975-OPNAME DEELGENEEM HET NIE (GROEP A) EN VAN DIE ONDERSOEKGROEP (GROEP B)

| Ouderdom - 1973 | Groep A | | Groep B | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| 20-24 | 50 | 4,1 | 52 | 2,4 |
| 25-29 | 193 | 16,0 | 326 | 15,3 |
| 30-34 | 240 | 19,9 | 376 | 17,6 |
| 35-39 | 148 | 12,3 | 356 | 16,7 |
| 40-44 | 139 | 11,5 | 290 | 13,6 |
| 45-49 | 125 | 10,4 | 217 | 10,2 |
| 50-54 | 125 | 10,4 | 286 | 13,4 |
| 55-59 | 107 | 8,9 | 179 | 8,4 |
| 60-64 | 79 | 6,6 | 55 | 2,6 |
| SUBTOTAAL | 1206 | 100 | 2137 | 100 |
| 65 | 31 | - | | |
| TOTAAL | 1237 | - | 2137 | - |

TABEL 3.2

TAALVERDELING VAN GROEP A EN VAN GROEP B

| Taalverdeling - 1973 | Groep A | | Groep B | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Afrikaans | 889 | 71,9 | 1586 | 74,2 |
| Engels | 348 | 28,1 | 551 | 25,8 |
| TOTAAL | 1237 | 100 | 2137 | 100 |

TABEL 3.3

VAKKE DEUR GROEP A EN GROEP B GEDOSEER

| Vakke gedoseer - 1973 | Groep A | | Groep B | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Aardrykskunde en Geologie | 65 | 5,6 | 104 | 5,1 |
| Afrikaans | 151 | 12,9 | 240 | 11,8 |
| Beeldende Kunste | 5 | 0,4 | 6 | 0,3 |
| Biblioteek | 3 | 0,3 | 4 | 0,2 |
| Biologie | 49 | 4,2 | 112 | 5,5 |
| Bybelkunde | 24 | 2,1 | 26 | 1,3 |
| Duits | 24 | 2,1 | 45 | 2,2 |
| Engels | 134 | 11,5 | 209 | 10,3 |
| Geskiedenis | 115 | 9,8 | 175 | 8,6 |
| Handelsvakke | 78 | 6,7 | 198 | 9,8 |
| Hout- en Metaalwerk | 5 | 0,4 | 8 | 0,4 |
| Klassieke en ander tale | 22 | 1,9 | 35 | 1,7 |
| Landbou | 10 | 0,9 | 15 | 0,7 |
| Liggaamlike Opvoeding | 22 | 1,9 | 19 | 0,9 |
| Musiek | 8 | 0,7 | 11 | 0,5 |
| Rekeningkunde | 12 | 1,0 | 34 | 1,7 |
| Tegniese vakke | 7 | 0,6 | 9 | 0,4 |
| Tik- en Snelskrif | 9 | 0,8 | 12 | 0,6 |
| Voorligting | 14 | 1,2 | 20 | 1,0 |
| Wiskunde | 163 | 13,9 | 277 | 13,7 |
| Natuurkunde/Fisika | 23 | 2,0 | 44 | 2,2 |
| Skeikunde/Chemie | 1 | 0,1 | 11 | 0,5 |
| Natuur- en Skeikunde | 56 | 4,8 | 113 | 5,6 |
| Ander vakke | 9 | 0,8 | 11 | 0,5 |
| Was skoolhoof | 160 | 13,7 | 289 | 14,3 |
| SUBTOTAAL | 1169 | 100 | 2027 | 100 |
| Nie aangedui nie | 68 | 5,5 | 110 | 5,2 |
| TOTAAL | 1237 | 100 | 2137 | 100 |

Dit blyk wel dat daar in groep A relatief meer persone in die ouder=domsgroepe 20-34 jaar is as in groep B. Dit beteken dus dat daar na verhou=ding meer persone in hierdie ouderdomme is wat slegs aan die 1973-opname deelgeneem het en nie weer in 1975 nie. Die getal persone wat hier betrokke is, is egter relatief klein en die mate van skeefheid van die steekproef wat daardeur veroorsaak word, kan nie 'n wesenlike invloed op die bevindings in hierdie ondersoek hê nie. Ter verduideliking kan genoem word dat die 31 persone in groep A wat 65 jaar oud was in 1973, nie weer aan die 1975-opname kon deel=neem nie, aangesien laasgenoemde opname tot 64-jariges en jonger beperk was. Dit verklaar ook gedeeltelik waarom daar in die 60-64-jarige ouderdomsgroep minder persone in groep B as in groep A is.

In die lig van voorgenoemde vergelykings is dit dus onwaarskynlik dat die nie-deelname van die 1237 onderwysers aan die 1975-opname die ondersoek=groep sodanig kan beïnvloed dat afleidings oor die beroepsverandering van gegradueerde onderwysers ongeldig sal wees. Vir die doel van hierdie verslag word dus aanvaar dat die ondersoekgroep 'n verteenwoordigende steekproef van die manlike gegradueerde onderwysers in 1973 is.

## 4 BEVINDINGS

Aangesien die tabelle in hierdie verslag in hoë mate selfverduide=likend is, word dit slegs kortliks bespreek.

### 4.1 BEROEP (1975) EN OUDERDOM (1975)

In tabel 4.1 word die 1975-beroepstruktuur van die ondersoekgroep volgens ouderdom (1975) aangetoon.

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat al 2137 persone in die on=dersoekgroep in 1973 onderwysers was. Soos uit die betrokke tabel opgemerk sal word, was 87,1 persent van die persone in die ondersoekgroep in 1975 steeds onderwysers. Dit beteken dus dat 276 persone (12,9%) sedert 1973 die onderwys verlaat het. Laasgenoemde groep persone word in twee hoofberoepsgroepe ver=deel, te wete verwante beroepe en nie-verwante beroepe. Die indiwiduele be=roepe wat onder hierdie twee hoofberoepsgroepe sorteer, blyk duidelik uit die tabel. Soos opgemerk sal word, verwys verwante beroepe na daardie beroepe wat steeds in 'n mindere of meerdere mate aan die onderwys verwant is. Beoefenaars van sommige van hierdie beroepe, byvoorbeeld inspekteurs van onderwys, is dan ook uit onderwysposte tot hierdie beroep bevorder. Soos die naam aandui,

staan die nie-verwante beroepe geheel en al los van die onderwys. Van die totale ondersoekgroep van 2137 persone, het slegs 91 (4,3%) tot nie-verwante beroepe toegetree, terwyl 185 persone (8,7%) in 1975 'n verwante beroep beoefen het. Van die 276 persone wat die onderwys verlaat het, het 91 (33,0%) dus nie-verwante beroepe gaan beoefen, terwyl 185 (67,0%) tot verwante beroepe toege= tree het.

Uit die ouderdomsverspreiding van die drie beroepsgroepe blyk dat die= gene wat die onderwys verlaat het, oor die algemeen jonger is as dié wat steeds onderwysers is. Diegene wat nie-verwante beroepe beoefen, is oor die algemeen die jongste. Slegs 27,5 persent van laasgenoemde persone is ouer as 40 jaar, terwyl 56 persent van die onderwysers ouer as 40 jaar is. Die feit dat die beoefenaars van verwante beroepe ook oor die algemeen jonger as die onderwysers is, kan in 'n hoë mate toegeskryf word aan die relatiewe jeugdig= heid van die lektore/dosente. Die inspekteurs/direkteure van onderwys is egter, soos verwag kan word, as groep heelwat ouer as die onderwysers.

TABEL 4.1

BEROEP (1975) VOLGENS OUDERDOM (1975)

| Beroep - 1975 | | Ouderdom - 1975 | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 20-29 | 30-39 | 40+ | | |
| | | N | N | N | N | % |
| Onderwyser | N | 169 | 649 | 1043 | 1861 | 87,1 |
| | % | 9,1 | 34,9 | 56,0 | 100 | |
| Verwante beroepe | | | | | | |
| Lektor/dosent | | 24 | 51 | 45 | 120 | 5,6 |
| Inspekteur/Direkteur van onderwys | | | 5 | 44 | 49 | 2,3 |
| Opleidingsbeampte, instrukteur | | 1 | 1 | 1 | 3 | 0,1 |
| Student, deeltydse dosent | | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Opvoedkundige, vakadviseur, skoolbe= planner | | | 2 | 10 | 12 | 0,6 |
| SUBTOTAAL | N | 26 | 59 | 100 | 185 | 8,7 |
| | % | 14,1 | 31,9 | 54,1 | 100 | |
| Nie-verwante beroepe | | | | | | |
| Natuurwetenskaplike navorser | | | 1 | 1 | 2 | 0,09 |
| Landbounavorser | | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Chemikus | | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Apteker | | 1 | | | 1 | 0,04 |

(Vervolg)

TABEL 4.1 (VERVOLG)

| Beroep - 1975 | Ouderdom - 1975 | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 20-29 | 30-39 | 40+ | | |
| | N | N | N | N | % |
| Predikant | 2 | 1 | 1 | 4 | 0,2 |
| Prokureur | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Prokureursklerk (ingeskrewe) | 3 | 1 | | 4 | 0,2 |
| Skrywer, redakteur | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Bestuurskonsultant | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Bibliotekaris, argivaris | | | 2 | 2 | 0,09 |
| Ekonoom | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Inligtings-, skakelbeampte | 1 | 2 | 1 | 4 | 0,2 |
| Kosteberekenaar | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Rekenmeester/ouditeur (nie-geregistreer) | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Rekenmeester-/ouditeursklerk (ingeskrewe) | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Sielkundige/personeel-, skoolsielkundige | 3 | 7 | 4 | 14 | 0,7 |
| Leksikograaf | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Marknavorser | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Werkstudiebeampte | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Kliniese sielkundige | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Geesteswetenskaplike Navorser | 2 | 2 | 3 | 7 | 0,3 |
| Tegnikus | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Tegniese assistent | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Bemarkingsbestuurder | 1 | | | 1 | 0,04 |
| Produksieassistent | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Hoofbestuurder | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Bestuurder van krediet, handel | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Bestuurder van tak, afdeling | | 1 | | 1 | 0,04 |
| Personeelbestuurder | 1 | 1 | | 2 | 0,09 |
| Sekretaris | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Administratiewe beampte | 4 | 6 | 4 | 14 | 0,7 |
| Senior Administratiewe Assistent | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Klerk | 5 | | | 5 | 0,2 |
| Assuransieagent | | | 1 | 1 | 0,04 |
| Boer | 1 | 5 | 1 | 7 | 0,3 |
| Plaasvoorman | | 1 | | 1 | 0,04 |
| TV-personeel | | 1 | | 1 | 0,04 |
| SUBTOTAAL N | 32 | 34 | 25 | 91 | 4,3 |
| % | 35,2 | 37,4 | 27,5 | 100 | |
| TOTAAL | 227 | 742 | 1168 | 2137 | 100 |

## 4.2 TAALVERDELING

Die taalverdeling van die drie beroepsgroepe word in tabel 4.2 getoon. Alhoewel die verskille nie groot is nie, wil dit tog voorkom of daar na verhouding ietwat meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes die onderwys verlaat het. Van die beoefenaars van nie-verwante beroepe is 27,5 persent Engelssprekend teenoor die 25,6 persent Engelssprekendes wat in die onderwys gebly het.

TABEL 4.2

TAALVERDELING VOLGENS BEROEPSGROEP (1975)

| Beroepsgroep - 1975 | | Taal | | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | Engels | |
| Onderwyser | N | 1385 | 476 | 1861 |
| | % | 74,4 | 25,6 | 100 |
| Verwante beroepe | N | 135 | 50 | 185 |
| | % | 73,0 | 27,0 | 100 |
| Nie-verwante beroepe | N | 66 | 25 | 91 |
| | % | 72,5 | 27,5 | 100 |
| TOTAAL | N | 1586 | 551 | 2137 |
| | % | 74,2 | 25,8 | 100 |

## 4.3 WERKGEWERKATEGORIE (1975)

In tabel 4.3 word die drie beroepsgroepe volgens werkgewerkategorie ontleed. Elf persone (0,5%) wat die onderwys verlaat het, was in 1975 self=geëmplojeerd, dit wil sê het vir hulleself in hulle eie besigheid of praktyk gewerk. Soos uit die aard van hulle werksaamhede verwag kan word, het 179 van die 185 persone wat verwante beroepe beoefen (96,8%) in die owerheidsektor diens aanvaar. Met owerheidsektor word in dié verband bedoel die Staatsdiens, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en semi-staats-, of staatsonder=steunde instellings (bv. universiteite). Net meer as die helfte (54,9%) van die beoefenaars van nie-verwante beroepe het tot die owerheidsektor toegetree, terwyl sowat 'n derde in die private sektor diens aanvaar het. Dit beteken dus dat van die 276 persone wat die onderwys verlaat het, slegs 36 (13,0%) in die private sektor diens aanvaar het, terwyl die owerheidsektor 229 (83,0%) van hierdie persone geabsorbeer het.

TABEL 4.3

BEROEPSGROEP (1975) VOLGENS WERKGEWERKATEGORIE (1975)

| Werkgewerkategorie - 1975 | Beroepsgroep - 1975 | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser | | Verwante beroepe | | Nie-verwante beroepe | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Owerheidsektor | 1751 | 94,1 | 179 | 96,8 | 50 | 54,9 | 1980 | 92,7 |
| Private sektor | 110 | 5,9 | 6 | 3,2 | 30 | 33,0 | 146 | 6,8 |
| Selfgeëmplojeerd | | | | | 11 | 12,1 | 11 | 0,5 |
| TOTAAL | 1861 | 100 | 185 | 100 | 91 | 100 | 2137 | 100 |

## 4.4 SALARIS (1973 EN 1975)

In tabel 4.4(a) en (b) word die 1975-salarisse van die drie beroeps=groepe vergelyk met die salarisse wat hulle in 1973 as onderwysers ontvang het. Die inligting word ook in figuur 4.1 grafies voorgestel. Die salarisse van diegene in die owerheidsektor en dié in die private sektor word afsonderlik aangedui. Die 11 persone wat in 1975 selfgeëmplojeerd was, is nie in die be=trokke tabelle ingesluit nie. Die selfgeëmplojeerde is terselfdertyd ook on=dernemer en sy vergoeding sluit nie net salaris nie, maar ook ondernemersloon en 'n risikopremie in. Die vergoeding van selfgeëmplojeerdes kan dus nie sonder meer met die salarisse wat hulle as werknemers (onderwysers) ontvang het, ver=gelyk word nie.

Die salarissyfers wat in die tabelle aangedui word, behels slegs die betrokke persone se bruto salaris en enige addisionele inkomste soos bonusse, oortydbesoldiging, toelaes en ander byvoordele is nie in berekening gebring nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die salarispeile wat aangetoon word, die situasie weerspieël soos op 1 Maart 1973 en 1 Maart 1975.

Ten einde 'n oorsigtelike beeld van die salarisstruktuur van die ver=skillende beroepsgroepe te verkry en om vergelykings tussen die groepe moontlik te maak, word van mediane en kwartiele gebruik gemaak. Die mediaansalaris (Me) beteken dat 50 persent van die persone in die betrokke groep meer, en 50 per=sent minder as die aangeduide salaris ontvang. Die eerste kwartiel ($Q_1$) dui aan dat 25 persent van die groep minder en 75 persent meer as die $Q_1$-salaris ontvang. Die derde kwartiel ($Q_3$) dui aan dat 75 persent van die groep persone minder en 25 persent meer as die $Q_3$-salaris ontvang. Dit beteken dus ook dat

50 persent van die groep persone meer as die $Q_1$-salaris, maar minder as die $Q_3$-salaris ontvang.

TABEL 4.4

BRUTO SALARIS (1973 EN 1975) VOLGENS BEROEPSGROEP (1975) EN WERKGEWERKATEGORIE (1975)

(a) Owerheidsektor

| Beroepsgroep - 1975 | | Bruto salaris (R per jaar) 1973 | 1975 | % styging in salaris |
|---|---|---|---|---|
| Onderwyser | N | 1743 | 1749 | - |
| | $Q_1$ | 5570 | 7910 | 42,0 |
| | Me | 6380 | 8640 | 35,4 |
| | $Q_3$ | 6870 | 9710 | 41,3 |
| Verwante beroepe | N | 177 | 179 | - |
| | $Q_1$ | 5730 | 8430 | 47,1 |
| | Me | 6630 | 9620 | 45,1 |
| | $Q_3$ | 7340 | 12200 | 66,2 |
| Nie-verwante beroepe | N | 50 | 50 | - |
| | $Q_1$ | 4210 | 6360 | 51,1 |
| | Me | 5500 | 8000 | 45,5 |
| | $Q_3$ | 6560 | 9500 | 44,8 |
| SUBTOTAAL | N | 1970 | 1978 | - |
| | $Q_1$ | 5530 | 7950 | 43,8 |
| | Me | 6380 | 8680 | 36,1 |
| | $Q_3$ | 6890 | 9820 | 42,7 |
| Nie salaris aangedui nie | N | 10 | 2 | - |
| TOTAAL | N | 1980 | 1980 | - |

(b) Private sektor


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Onderwyser | N | 99 | 102 | - |
| | $Q_1$ | 4800 | 6590 | 37,3 |
| | Me | 5690 | 7640 | 34,3 |
| | $Q_3$ | 6640 | 9080 | 36,7 |
| Verwante beroepe | N | 6 | 6 | - |
| | $Q_1$ | 3750 | 5170 | 37,9 |
| | Me | 4500 | 5670 | 26,0 |
| | $Q_3$ | 6500 | 7500 | 15,4 |
| Nie-verwante beroepe | N | 30 | 30 | - |
| | $Q_1$ | 3680 | 4100 | 11,4 |
| | Me | 4450 | 5750 | 29,2 |
| | $Q_3$ | 5630 | 7830 | 39,1 |
| SUBTOTAAL | N | 135 | 138 | - |
| | $Q_1$ | 4330 | 5740 | 32,6 |
| | Me | 5440 | 7410 | 36,2 |
| | $Q_3$ | 6480 | 8890 | 37,2 |
| Nie salaris aangetoon nie | N | 11 | 8 | - |
| TOTAAL | N | 146 | 146 | - |



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

FIGUUR 4.1

BRUTO SALARIS (1973 EN 1975) VOLGENS BEROEPSGROEP (1975) EN WERKGEWERKATEGORIE (1975)



Aangesien die ouderdomme van die verskillende beroepsgroepe verskil (soos in paragraaf 4.1 genoem) moet daarteen gewaak word om die salarispeile van diegene wat die onderwys verlaat het, te vergelyk met dié van die persone wat onderwysers gebly het. By die vergelyking van die salarisse moet daar eerder gelet word op die persentasie styging in die salarisse. Daarvolgens blyk dat diegene wat die onderwys verlaat het om ander beroepe in die owerheid=sektor te aanvaar, se salarisse 'n groter persentasie styging getoon het as die salarisse van diegene wat onderwysers gebly het (tabel 4.4(a)). Die mediaan=salaris van die onderwysers in die owerheidsektor wat onderwysers gebly het, het in die 2-jaar-tydperk met 35,4 persent gestyg. Die mediaansalaris van diegene wat verwante beroepe gaan beoefen het, het met 45,1 persent en dié van persone wat na nie-verwante beroepe gegaan het, het met 45,5 persent gestyg. Ook wat die styging in die $Q_1$- en $Q_3$-salarisse betref, was diegene wat die onderwys verlaat het, heelwat beter as die onderwysers daaraan toe.

Wat die private sektor betref, is die situasie egter heelwat anders (tabel 4.4(b)). Dit blyk duidelik dat die salarisse van diegene wat die onder=wys verlaat het om ander betrekkings in die private sektor te aanvaar, 'n heel=wat kleiner persentasie styging in die 2-jaar-tydperk getoon het as die salarisse van diegene wat onderwysers gebly het. Dit blyk dus duidelik dat die beoefenaars van verwante en nie-verwante beroepe wat tot die private sektor toegetree het, <u>wat salaris betref</u> heelwat beter daaraan toe sou wees as hulle in die onderwys gebly het.

Die moontlike verskille in byvoordele wat die owerheidsektor en die private sektor aanbied, is nie hier in berekening gebring nie. In 'n ondersoek wat deur die RGN gedoen is (4, bl. 7-8) is bevind dat die private sektor oor die algemeen meer en beter byvoordele as die owerheidsektor bied.

Die mate waarin die persone,wat betrekkings in die private sektor aanvaar het,moontlik vir die relatiewe verlies aan salaris deur beter byvoor=dele vergoed word, is onbekend.

## 4.5 PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL (1975)

In tabel 4.5 word die hoogste kwalifikasiepeil (1975) van die persone in die verskillende beroepsgroepe aangetoon.

TABEL 4.5

BEROEPSGROEP (1975) VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL (1975)

| Peil van hoogste kwalifikasie behaal - 1975 | Beroepsgroep - 1975 | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser | | Verwante beroepe | | Nie-verwante beroepe | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Diploma gelykwaardig aan B-graad | 2 | 0,1 | 1 | 0,5 | | | 3 | 0,1 |
| B-graad | 457 | 24,6 | 36 | 19,5 | 26 | 28,6 | 519 | 24,3 |
| Nagraadse diploma | 673 | 36,2 | 33 | 17,8 | 27 | 29,7 | 733 | 34,3 |
| Hons.-B-/nagraadse B-graad | 537 | 28,9 | 75 | 40,5 | 27 | 29,7 | 639 | 29,9 |
| M-graad | 174 | 9,3 | 35 | 18,9 | 11 | 12,1 | 220 | 10,3 |
| D-graad | 18 | 1,0 | 5 | 2,7 | | | 23 | 1,1 |
| TOTAAL | 1861 | 100 | 185 | 100 | 91 | 100 | 2137 | 100 |

Diegene wat die onderwys verlaat het om verwante beroepe te gaan beoefen, is oor die algemeen hoër gekwalifiseer as die persone in die ander beroepsgroepe. Tagtig persent van die beoefenaars van verwante beroepe beskik oor nagraadse kwalifikasies teenoor 75,3 persent van die onderwysers en 71,4 persent van die beoefenaars van nie-verwante beroepe. Laasgenoemde beroepsgroep is dus relatief die laagste gekwalifiseer. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die beoefenaars van nie-verwante beroepe ook as groep jonger as die ander twee beroepsgroepe is.

## 4.6 BENUTTING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING (1973)

Die ondersoekgroep is tydens die 1973-opname versoek om aan te toon in welke mate hulle universiteitsopleiding, volgens hulle eie mening, in hulle werk as onderwysers benut word. Dié inligting word in tabel 4.6 aangetoon. Die benuttingsindeks wat in die tabel aangetoon word, is bereken deur 'n bepaalde waarde vir elke kategorie van benutting toe te ken, en dit wissel van 1 punt vir "niks" tot 4 punte vir "baie".

TABEL 4.6

BEROEPSGROEP (1975) VOLGENS BENUTTING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING (1973)

| Benutting van universi= teitsopleiding - 1973 | Beroepsgroep - 1975 | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser | | Verwante beroepe | | Nie-verwante beroepe | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Baie | 1123 | 60,7 | 100 | 54,3 | 51 | 56,0 | 1274 | 69,9 |
| Taamlik | 545 | 29,4 | 63 | 34,2 | 28 | 30,8 | 636 | 29,9 |
| Min | 159 | 8,6 | 19 | 10,3 | 11 | 12,1 | 189 | 8,9 |
| Niks | 24 | 1,3 | 2 | 1,1 | 1 | 1,1 | 27 | 1,3 |
| SUBTOTAAL | 1851 | 100 | 184 | 100 | 91 | 100 | 2126 | 100 |
| Nie aangedui nie | 10 | 0,5 | 1 | 0,5 | | | 11 | 0,5 |
| TOTAAL | 1861 | 100 | 185 | 100 | 91 | 100 | 2137 | 100 |
| Benuttingsindeks | 3,5 | | 3,4 | | 3,4 | | 3,5 | |

Uit die betrokke indeks en ook die persentuele verdeling, blyk dat diegene wat die onderwys verlaat het, hulle universiteitsopleiding in 'n mindere mate benut het terwyl hulle onderwysers was as diegene wat in die onderwys ge= bly het. Die verskille tussen die onderskeie groepe is egter relatief klein. As die kategorieë "baie" en "taamlik" saamgevoeg word, blyk dat 90,1 persent van diegene wat onderwysers gebly het, hulle universiteitsopleiding in 'n rede= lik mate benut het, teenoor 88,5 persent van diegene wat na verwante beroepe gegaan het en 86,8 persent van dié wat nie-verwante beroepe gaan beoefen het.

Indien die relatiewe onderbenutting van universiteitsopleiding dus 'n bydraende faktor was waarom persone die onderwys verlaat het, kan dit aanvaar word dat dit vir slegs 'n relatiewe klein groepie persone 'n oorweging was.

## 4.7 WERKTEVREDENHEID (1973)

Die mate van werktevredenheid wat die ondersoekgroep in 1973 as onder= wysers uit hulle werk geput het, word in tabel 4.7 aangetoon. Die werktevreden= heidindeks wat aangetoon word, is op dieselfde wyse as die benuttingsindeks be= reken (kyk par. 4.6). 'n Werknemer se ontevredenheid met sy werk of werkomstan= dighede kan daartoe lei dat hy nie alleen van werkgewer nie, maar ook van be= roep verander.

TABEL 4.7

BEROEPSGROEP (1975) VOLGENS WERKTEVREDENHEID (1973)

| Werktevredenheid - 1973 | Beroepsgroep 1975 | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser | | Verwante beroepe | | Nie-verwante beroepe | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Baie tevrede | 792 | 42,6 | 68 | 37,0 | 33 | 36,7 | 893 | 41,8 |
| Redelik tevrede | 785 | 42,2 | 77 | 41,8 | 35 | 38,9 | 897 | 42,0 |
| Darem tevrede | 136 | 7,3 | 15 | 8,2 | 7 | 7,8 | 158 | 7,4 |
| Bietjie ontevrede | 83 | 4,5 | 21 | 11,4 | 5 | 5,6 | 109 | 5,1 |
| Taamlik ontevrede | 52 | 2,8 | 2 | 1,1 | 8 | 8,9 | 62 | 2,9 |
| Baie ontevrede | 12 | 0,6 | 1 | 0,5 | 2 | 2,2 | 15 | 0,7 |
| SUBTOTAAL | 1860 | 100 | 184 | 100 | 90 | 100 | 2134 | 100 |
| Nie aangedui nie | 1 | | 1 | | 1 | | 3 | |
| TOTAAL | 1861 | | 185 | | 91 | | 2137 | |
| Werktevredenheidindeks | 5,2 | | 5,0 | | 4,8 | | 5,1 | |

Dit blyk dat diegene wat die onderwys verlaat het, in 'n groter mate met hulle werk as onderwyser ontevrede was as diegene wat in die onderwys gebly het. Hierdie groter mate van ontevredenheid kan dus moontlik 'n bydraende faktor gewees het tot sommige persone se besluit om die onderwys te verlaat. Dit blyk nogtans dat 7,9 persent van diegene wat in die onderwys gebly het, in 'n mindere of meerdere mate met hul werk ontevrede was en dat meer as 70 persent van diegene wat die onderwys verlaat het, baie of redelik tevrede was met hulle werk as onderwyser. Hieruit blyk dus dat ontevredenheid met die werk=situasie nie in alle gevalle tot beroepsverskuiwing lei nie, en dat die meer=derheid van diegene wat die onderwys verlaat het, waarskynlik deur ander faktore as ontevredenheid met die werk beïnvloed is om van beroep te verander.

## 4.8 VAKKE GEDOSEER (1973)

Die vakke wat die ondersoekgroep in 1973 gedoseer het terwyl hulle onderwysers was, word in tabel 4.8 volgens die 1975-beroepsgroepe aangetoon. Vraag 1(b) van die vraelys (Bylae) toon dat onderwysers versoek is om slegs een vak, die vernaamste vak gedoseer, aan te dui.

TABEL 4.8

BEROEPSGROEP (1975) VOLGENS VAKKE GEDOSEER (1973)

| Vakke gedoseer - 1973 | Beroepsgroep - 1975 | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onderwyser | | Verwante beroepe | | Nie-verwante beroepe | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Aardrykskunde en Geologie | 98 | 5,5 | 6 | 3,4 | | | 104 | 5,1 |
| Afrikaans | 213 | 12,1 | 17 | 9,7 | 10 | 11,8 | 240 | 11,8 |
| Beeldende Kunste | 4 | 0,2 | | | 2 | 2,4 | 6 | 0,3 |
| Biblioteek | 3 | 0,2 | 1 | 0,6 | | | 4 | 0,2 |
| Biologie | 100 | 5,7 | 8 | 4,6 | 4 | 4,7 | 112 | 5,5 |
| Bybelkunde | 22 | 1,2 | 1 | 0,6 | 3 | 3,5 | 26 | 1,3 |
| Duits | 42 | 2,4 | 3 | 1,7 | | | 45 | 2,2 |
| Engels | 171 | 9,7 | 28 | 16,0 | 10 | 11,8 | 209 | 10,3 |
| Geskiedenis | 158 | 8,9 | 12 | 6,9 | 5 | 5,9 | 175 | 8,6 |
| Handelsvakke | 180 | 10,2 | 12 | 6,9 | 6 | 7,1 | 198 | 9,8 |
| Hout- en Metaalwerk | 7 | 0,4 | 1 | 0,6 | | | 8 | 0,4 |
| Klassieke en ander tale | 30 | 1,7 | 2 | 1,1 | 3 | 3,5 | 35 | 1,7 |
| Landbou | 13 | 0,7 | 1 | 0,6 | 1 | 1,2 | 15 | 0,7 |
| Liggaamlike Opvoeding | 16 | 0,9 | | | 3 | 3,5 | 19 | 0,9 |
| Musiek | 8 | 0,5 | 2 | 1,1 | 1 | 1,2 | 11 | 0,5 |
| Rekeningkunde | 32 | 1,8 | | | 2 | 2,4 | 34 | 1,7 |
| Tegniese vakke | 7 | 0,4 | 1 | 0,6 | 1 | 1,2 | 9 | 0,4 |
| Tik- en Snelskrif | 10 | 0,6 | 1 | 0,6 | 1 | 1,2 | 12 | 0,6 |
| Voorligting | 14 | 0,8 | | | 6 | 7,1 | 20 | 1,0 |
| Wiskunde | 245 | 13,9 | 19 | 10,9 | 13 | 15,3 | 277 | 13,7 |
| Natuurkunde/Fisika | 38 | 2,2 | 5 | 2,9 | 1 | 1,2 | 44 | 2,2 |
| Skeikunde/Chemie | 9 | 0,5 | 2 | 1,1 | | | 11 | 0,5 |
| Natuur- en Skeikunde | 101 | 5,7 | 8 | 4,6 | 4 | 4,7 | 113 | 5,6 |
| Ander vakke | 4 | 0,2 | 5 | 2,9 | 2 | 2,4 | 11 | 0,5 |
| Was skoolhoof | 242 | 13,7 | 40 | 22,9 | 7 | 8,2 | 289 | 14,3 |
| SUBTOTAAL | 1767 | 100 | 175 | 100 | 85 | 100 | 2027 | 100 |
| Nie aangedui nie | 94 | 5,1 | 10 | 5,4 | 6 | 6,6 | 110 | 5,1 |
| TOTAAL | 1861 | 100 | 185 | 100 | 91 | 100 | 2137 | 100 |

As daar gelet word op die persentasieverdeling van die vakke wat gedo= seer is deur diegene wat die onderwys verlaat het, stem dit in hoë mate oor= een met die persentasieverdeling van die totale groep asook van diegene wat in die onderwys gebly het. Die enigste vakke waarin daar 'n groter persentasie persone die onderwys verlaat het as die persentasie wat steeds die vak doseer, is Engels asook enkele ander vakke wat egter deur relatief min persone gedo= seer is soos Bybelkunde, Liggaamlike Opvoeding en Voorligting. Wat dié vakke betref waarin daar in die jongste tye relatief groot tekorte aan leerkragte bestaan, soos byvoorbeeld Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, het daar na ver= houding nie meer leerkragte die onderwys verlaat as wat in die professie aan= gebly het nie. Daar was wel 'n groter persentasie uitvloei van Wiskunde-onderwysers na nie-verwante beroepe, maar die kleiner persentasie uitvloei van Wiskunde-onderwysers na verwante beroepe neutraliseer hierdie effek in hoë mate. Die rede vir die tekort aan leerkragte in hierdie vakke moet dus blykbaar eerder daarin gesoek word dat te min persone wat hierdie vakke kan doseer, tot die onderwys toetree, as in die relatiewe verlies van sodanige persone as gevolg van bedanking.

## 5 SAMEVATTING

Die doel met die ondersoek is om verskillende beroepsaspekte te verge= lyk van gegradueerde mans wat in 1973 en ook in 1975 onderwysers was en diegene wat in 1973 onderwysers was, maar in 1975 ander beroepe beoefen het. Die be= vindings van die ondersoek kan soos volg saamgevat word:

(1) Die ondersoekgroep bestaan uit 2137 manlike gegradueerdes wat in 1973 onderwysers was, van wie 1861 (87,1%) in 1975 steeds onderwysers en 276 (12,9%) dus die onderwys verlaat het. Van die 276 persone het 185 tot beroepe toegetree wat aan onderwys verwant is, byvoorbeeld dié van lektore/dosente en inspekteurs van onderwys, terwyl 91 persone tot nie-verwante beroepe toegetree het.

(2) Diegene wat die onderwys verlaat het, is oor die algemeen jonger as dié wat in die onderwys gebly het. Persone wat in 1975 nie-verwante beroepe beoefen het, is oor die algemeen die jongste.

(3) Alhoewel die verskille nie groot is nie, wil dit voorkom of na verhouding ietwat meer Engelssprekendes as Afrikaanssprekendes die onderwys verlaat het.

(4) Van die 185 persone wat na verwante beroepe gegaan het, het 179 (96,8%) diens in die owerheidsektor aanvaar. Van die 91 beoefenaars van nie-verwante beroepe was 50 (54,9%) in 1975 in die owerheidsektor werksaam, 30 (33,0%) was in die private sektor en 11 persone (12,1%) was selfgeëmplo= jeerd. Dit blyk dus dat die owerheidsektor die grootste indiensnemer van onder= wysverlaters is, nieteenstaande die groot verskille in vakansie/verlofvoordele.

(5) Persone wat die onderwys verlaat het om ander beroepe in die owerheidsektor te aanvaar, se salarisse het van 1973 tot 1975 met 'n groter persentasie gestyg as die salarisse van diegene wat onderwysers gebly het. Die salarisse van diegene wat betrekkings in die private sektor aanvaar het, het egter met 'n heelwat kleiner persentasie gestyg as dié van diegene wat on= derwysers gebly het. Persone wat die onderwys verlaat het om in die private sektor diens te aanvaar, sou dus, wat salaris betref, heelwat beter daaraan toe gewees het as hulle in die onderwys gebly het. Dit is egter wel moontlik dat diegene in die private sektor meer en beter byvoordele ontvang as wat hulle as onderwysers ontvang het.

(6) Die persone wat die onderwys verlaat het om verwante beroepe te gaan beoefen, was in 1975 as groep hoër gekwalifiseerd as die onderwysers en beoefenaars van nie-verwante beroepe. Die beoefenaars van nie-verwante beroepe was as groep die laagste gekwalifiseerd, maar daar moet op gelet word dat hulle as groep ook jonger as die onderwysers en die beoefenaars van verwante beroepe is.

(7) Diegene wat die onderwys verlaat het, het hulle universiteits= opleiding as onderwysers in 1973 in 'n mindere mate benut en het ook as onder= wysers in 1973 'n mindere mate van tevredenheid uit hulle werk geput as diegene wat in die onderwys gebly het. Uit die gegewens word egter afgelei dat die relatiewe onderbenutting van universiteitsopleiding en die mindere mate van werktevredenheid vir slegs 'n klein groepie van die persone wat die onderwys verlaat het, 'n oorweging was om te bedank.

(8) Die enigste vakke wat deur 'n groter persentasie van die bedankers as van die nie-bedankers gedoseer is, is Engels, asook enkele ander vakke wat deur relatief min persone gedoseer is, soos Bybelkunde, Liggaamlike Opvoeding en Voorligting. Die rede vir die tekort aan leerkragte in vakke soos Wiskunde en Natuur- en Skeikunde moet dus eerder daarin gesoek word dat te min persone wat hierdie vakke kan doseer, tot die onderwys toetree as in die relatiewe ver= lies van sodanige persone as gevolg van bedanking.

In hierdie verslag word daar nie ondersoek ingestel na die tekorte, en die oorsake daarvan, wat daar reeds in 1973 aan leerkragte in die ver= skillende vakrigtings bestaan het nie. Daar moet dus in gedagte gehou word dat al sou die persentasie bedankings sedert 1973 in byvoorbeeld vakke A en B gelyk wees, dit vir vak A ernstiger gevolge as vir vak B kan hê omdat daar na verhouding in vak A reeds 'n groter tekort aan onderwysers as in vak B bestaan.

## 6 SLOTOPMERKINGS

Die doel met hierdie verslag is nie om volledig ondersoek in te stel na die redes waarom onderwysers uit die beroep bedank nie, en ook nie om die presiese omvang daarvan te bepaal nie. Hierdie ondersoek moet slegs as 'n verkenningstudie beskou word waarin daar in breë trekke op die beroepsverandering van 'n steekproef van gegradueerde onderwysers gelet is. Dit is deel van die navorsing oor beroepsverandering van hoog opgeleide mannekrag wat deur die Instituut vir Mannekragnavorsing onderneem word.

BYLAE

English questionnaire available on request

VRAELYS

DIE ARBEIDSITUASIE EN SALARISSTRUKTUUR VAN HOOGOPGELEIDE MANNEKRAG

☐ (Verwysingsnommer)

BEANTWOORD DIE VRAE SOVER MOONTLIK DEUR SLEGS 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE TE MAAK

Kantoorgebruik

1 (a) WAT IS U HUIDIGE (1 MAART 1973) BEROEP?

Huisvrou ☐ Student ☐ Uitdiensgetredene ☐

Besturende direkteur/bestuurder (Slegs indien u meer as 50% van u werktyd aan besturende uitvoerende of administratiewe take bestee) ☐

Dosent (professor, lektor, ens.) Alle doserende personeel verbonde aan 'n hoër opleidingsinrigting ☐

Onderwyser ☐

Ander - spesifiseer. Gee asseblief 'n funksionele beroepsomskrywing, ongeag u opleiding, kwalifikasies of rang, byvoorbeeld "chemiese ingenieur" en nie "vakkundige", "navorser" of "staatsamptenaar" nie — 07 3 - 11

..................................................................

.................................................................. — ☐☐☐☐☐ 12 - 16

(b) Indien u 'n onderwyser, lektor of professor is, dui ook asseblief aan watter vak u hoofsaaklik doseer — ☐

.................................................................. — 17 - 18

2 WATTER EEN VAN DIE VOLGENDE STELLINGS IS OP U VAN TOEPASSING?

Ek werk vir myself in my eie besigheid of praktyk (insluitende vennote van professionele ondernemings en besturende direkteure wat meer as 50% van 'n maatskappy se aandele besit) ☐ 1

Ek is 'n werknemer van die Staat of provinsiale administrasie ☐ 2

Ek is 'n werknemer van 'n plaaslike owerheid (bv.stads- of dorpsrade) ☐ 3

Ek is 'n werknemer van 'n semi-staats-, staatsbeheerde of staatsondersteunde organisasie (WNNR, beheerrade, universiteite, SAS & H, HPK, ens.) ☐ 4 — 19

Ek is 'n werknemer van 'n openbare korporasie (bv.YSKOR,SASOL,EVKOM) ☐ 5

My werkgewer is 'n lid van die private sektor (privaatfirmas, organisasies, ondernemings, ens.) ☐ 6

Ek is werkloos maar soek werk ☐ 7

Ek staan vrywillig buite die arbeidsmark (huisvroue, studente, uitdiensgetredenes, ens.) ☐ 8

Nie een van bogenoemdes nie (spesifiseer soort werkgewer asb.):

..................................................................

.................................................................. ☐ 9

INDIEN U WERKLOOS IS OF VRYWILLIG BUITE DIE ARBEIDSMARK STAAN (DIT WIL SÊ INDIEN U 7 OF 8 IN VRAAG 2 HIERBO GEMERK HET) BEANTWOORD SLEGS VRAE 10,11 EN 12 EN IGNOREER DIE ANDER VRAE IN HIERDIE VRAELYS. STUUR ASSEBLIEF DIE VRAELYS IN DIE GEFRANKEERDE KOEVERT TERUG. U DEELNAME AAN HIERDIE ONDERSOEK IS BAIE BELANGRIK.

| | | Kantoor= gebruik |
|---|---|---|
| 3 | HOEVEEL URE BESTEE U GEMIDDELD PER WEEK AAN DIE BEOEFENING VAN U HUIDIGE BEROEP? | |
| | Voltyds [ ] ure per week | 20 - 21 |
| | Deeltyds [ ] ure per week | 22 - 23 |

4 ONDER WATTER EEN VAN DIE VOLGENDE KATEGORIEË KAN DIE WERK WAARAAN U TANS DIE MEESTE VAN U WERKTYD BESTEE, GEKLASSIFISEER WORD?

Bestuur en administrasie [ ] 1

Navorsing en ontwikkeling [ ] 2

Beplanning en ontwerp [ ] 3

Onderwys en opleiding [ ] 4 — 24

Produksie en inspeksie [ ] 5

Konsultasie, advisering en dienslewering [ ] 6

Ondersoek, voorspelling en verslaggewing [ ] 7

Verkope [ ] 8

Nie een van bogenoemdes nie. Spesifiseer asseblief .................
................................................................ [ ] 9

5 ONDER WATTER EEN VAN DIE VOLGENDE KATEGORIEË KAN DIE VERNAAMSTE AKTIWITEIT (BESIGHEID) VAN U WERKGEWER (OF USELF INDIEN U U EIE WERKGEWER IS) GEKLASSI= FISEER WORD?

Bosbou, landbou en visvangs [ ] 01

Mynbou (insluitende delf en steengroewery) [ ] 02

Elektrisiteit, gas en watervoorsiening (insluiten= de opwekking, produksie, suiwering en verspreiding) [ ] 03

Bou en konstruksie [ ] 04

Fabriekswese (insluitende vervaardiging, verwerking en drukwerk) [ ] 05 — 25 - 26

Vervoer, berging en kommunikasie (SAS & H, Poswese, SAUK, SAL, ens.) [ ] 06

Handel (hotelwese, groot-, klein-, vleis- en motorhandel) [ ] 7

Finanswese (banke, bougenootskappe, NOK, ens.) [ ] 08

Professionele dienste (medies, juridies, ingenieurs, ens.) [ ] 09

Ander persoonlike dienste (sielsorg, sport, vermaak, ens.) [ ] 10

Beskermingsdienste (polisie, weermag, gevangenisdiens, verkeersbeheer, ens.) [ ] 11

Alle ander gemeenskaps- en owerheidsdienste soos onder andere gelewer deur die Staat (gewone staatsdiens), provinsiale administrasie, plaas= like owerhede (bv. stadsrade en streeks-owerhede) asook deur semi- staats, staatsbeheerde en staatsondersteunde organisasies soos WNNR, Nasionale Parkeraad, bemarkingsrade, ens. [ ] 12

Nie een van bogenoemdes nie. Spesifiseer asseblief

................................................................ [ ] 13
................................................................

Kantoor= gebruik

6 WAT IS U JAARLIKSE (1 MAART 1973) SALARIS/INKOMSTE?

(a) Werknemers

(i) Verstrek asseblief u jaarlikse salaris voor enige aftrekkings. Oortydverdienste, bonusse, toelaes en ander byvoordele word uit= gesluit. Slegs salaris wat u ontvang as gevolg van die direkte beoefening van u huidige beroep moet verstrek word.

R ______________ per jaar 27 - 31

(ii) Kontantbonusse (voor belasting) (bv. Kersfees-, vakansiebonus)

R ______________ per jaar 32 - 35

(iii) Inkomste (voor belasting) verdien deur

| | | | |
|---|---|---|---|
| Oortyd | R ______________ | per jaar | 36 - 39 |
| Onderrig in deeltydse hoedanigheid | R ______________ | per jaar | 40 - 43 |
| Konsultasie | R ______________ | per jaar | 44 - 47 |

(b) Persone wat hul eie besigheid of praktyk besit

(i) Netto wins uit die direkte beoefening van u beroep (voor belasting)

R ______________ per jaar 48 - 52

(ii) Inkomste (voor belasting) verdien uit na-uurse verbandhoudende gesalariëerde werk

R ______________ per jaar 53 - 56

7 IN WELKE MATE WORD U UNIVERSITEITSOPLEIDING IN U HUIDIGE WERK GEBRUIK?

- Baie [ ] 1
- Taamlik [ ] 2
- Min [ ] 3
- Niks [ ] 4

57

8 WAT IS NA U MENING DIE MINIMUM KWALIFIKASIEPEIL WAT VIR DIE DOELTREFFENDE UITVOERING VAN U WERK NODIG IS? (Merk net een)

- St. 10 [ ] 1
- St. 10 plus diploma/sertifikaat [ ] 2
- 'n B-graad [ ] 3
- 'n Nagraadse diploma [ ] 4
- 'n B.Hons.- of nagraadse B-graad [ ] 5
- 'n M-graad [ ] 6
- 'n D-graad [ ] 7

58

9 HOE TEVREDE IS U MET U HUIDIGE WERK?

- Baie tevrede [ ] 1
- Redelik tevrede [ ] 2
- Darem tevrede [ ] 3
- Bietjie ontevrede [ ] 4
- Taamlik ontevrede [ ] 5
- Baie ontevrede [ ] 6

59



37553

Kantoor= gebruik

10 DUI ASSEBLIEF DIE GETAL KERE WAT U VAN WERKGEWER VERANDER HET, AAN

| Tydperk | Getal kere van werk=gewer verander | Kantoor=gebruik |
|---|---|---|
| 1/3/1971 - 1/3/1973 | ................ | 60 - 61 |
| 1/3/1969 - 1/3/1971 | ................ | 62 - 63 |
| Voor 1/3/1969 | ................ | 64 - 65 |

11 U BEROEPSGESKIEDENIS

(a) Het u gedurende die tydperk 1/3/1969 tot 1/3/1973 van beroep verander?

Ja 1

Nee 2

66

(b) Indien "Ja", dui asseblief die beroep wat u op onderstaande datums beoefen het, aan

| Datum | Beroep beoefen | Kantoor=gebruik |
|---|---|---|
| 1 Maart 1971 | ........................... | 67 - 71 |
| 1 Maart 1969 | ........................... | 72 - 76 |

12 BUITELANDSE KWALIFIKASIES

Beskik u oor kwalifikasies wat u in die buiteland behaal het?

Ja 1

Nee 2

77

Indien wel, verstrek asseblief die volgende

(a) Naam van diploma/sertifikaat/graad ................................
.................................................................

(b) Hoofstudierigting (bv. siviele ingenieurswese) ...................
.................................................................

(c) Waar behaal (bv. Univ. Oxford) ..................................
................................................................. 78 - 80

(d) Jaar behaal 19.... MM 27

DANKIE VIR U SAMEWERKING

Doc no: 45727
Copy no: 45732
[illegible] LIBRARY

BRONNELYS

1 EBERSOHN, D. Gegradueerde mannekrag van Suid-Afrika. Pretoria, RGN, 1972. Verslag nr. MM-36.

2 WOLMARANS, C.P. Die loonstruktuur van hoog gekwalifiseerde Blankes soos op 1 Maart 1973. Pretoria, RGN, 1974. Navorsingsbevinding M-N-16.

3 DE KLERK, D. Die loonstruktuur van hoog gekwalifiseerde Blankes soos op 1 Maart 1975. Pretoria, RGN, 1975. Navorsingsbevinding M-N-27.

4 BOSHOFF, F. Byvoordele van hoog gekwalifiseerdes in 1971. Pretoria, RGN, 1973. Navorsingsbevinding M-N-2.